



**DIE VERKEERDE AANBIDDING…**

📖 *“Moenie! Ek is ‘n mededienaar van jou... Aanbid God!” – Openbaring 22:9*

Ons is mense van SIG — ons wil sien, aanraak, bewonder. En dikwels, sonder dat ons dit agterkom, begin ons aanbid wat ons kan sien. ‘n Prediker met krag in sy stem. ‘n Sportheld wat nooit faal nie. ‘n Kunstenaar, ‘n leier, ‘n mentor. Uiteindelik word die mens wat ons gehelp het die middelpunt van ons dankbaarheid… en stadig maar seker, van ons aanbidding.

Johannes, die geliefde dissipel, val neer voor die voete van die engel… En selfs hy hoor die woorde*: “Moenie! Aanbid God!”* Hoeveel te meer het ons nie hierdie herinnering nodig nie

Liewe Vriende, ons is vinnig om mense op troontjies te plaas, en stadig om Christus Sy regmatige troon in ons hart te gee. Hoe kan ons Christus volg as ons oë vasgenael is op ‘n mens?

Erkenning is nie verkeerd nie. Dankbaarheid is reg. Maar verering? Dit behoort aan Een alleen. Daar is net Een wat jou hartsbegeerte ten volle ken. Net Een wat jou kan dra wanneer almal anders te swak is. Net Een wat jou siel kan red. Sy Naam is Jesus Christus.

💭 **Nadenke:**
Is daar iemand of iets in jou lewe wat onbewustelik jou fokus van Christus af wegtrek?